# VOERMOL MOLOVITE

Klas: Mineraal- en Energie-aanvulling vir Herkouers

**VOERMOL MOLOVITE** is 'n energie-minerale-aanvulling met 10 % ruproteïen wat geen NPN bevat nie. **Voermol Molovite** is die ideale lekaanvulling vir herkouers op bemeste aangeplante weidings en proteïenryke bone-weidings:

– is klaargemeng en kan net so gebruik word;
– bevat geen NPN nie omdat voldoende hoeveelhede NPN deur die bemeste weiding verskaf word;
– voorsien energie, natuurlike proteïene, spoorminerale en minerale wat die beperkende voedingstowwe op bemeste aangeplante weidings en boneweidings is;
– bevat min sout en is melassegebaseer wat goeie inname verseker;
– bevat medikamente wat die doeltreffendheid van energie benutting op bemeste weidings verbeter;
– help om koksidiose, domsiekte en ketose in diere te beperk.

**SAMESTELLING VAN VOERMOL MOLOVITE**
REG NR V7266 (Wet 36/1947)

| | | (g/kg) | | (mg/kg) |
|---|---|---|---|---|
| Ruproteïen | (min) | 100 | Mangaan | 240 |
| Ruvesel | (maks) | 100 | Koper | 60 |
| Vog | (maks) | 160 | Kobalt | 1 |
| Kalsium | (min/maks) | 8/12 | Yster | 175 |
| Fosfor | (min) | 6 | Jodium | 5 |
| Magnesium | (min) | 6 | Sink | 350 |
| Swael | (min) | 4 | Selenium | 1 |
| | | | Energie beraam (MJ ME/kg) | 9 |
| | | | Bevat medikamente | |

Verpakking – 50 kg

## GEBRUIKE VAN VOERMOL MOLOVITE

– kan gebruik word vir beeste, skape en bokke en is veral geskik vir jong groeiende en produserende diere;
– is by uitstek geskik as aanvulling op bemeste, besproeide en droëland aangeplante weidings soos bv. Raaigras, Langswenkgras, gras-klawer mengsels, Smutsvingergras, Bloubuffelgras, Oulandsgras, Kikoejoe, Stergras en groenvoere soos bv. hawer, rog, korog en koring;
– kan ook gebruik word op bone-reste, byvoorbeeld soja-en droëboonreste en staande boontjieweidings soos akkerbone en dolichosbone.

VOERMOL

**VOEDINGSINSTRUKSIES**
Voer in lekbakke met voldoende vreetspasie.

| **AANBEVOLE INNAME** | (g/dier/dag) |
|---|---|
| Beeste: | 1 000 – 1 200 |
| Skape: | 180 – 200 |

Om diere vinniger op weidings af te rond, meng **Voermol Molovite** in gelyke dele met graanmeel en voer die mengsel vir beeste teen 2 kg/bees/dag en skape teen 350 g/skaap/dag.

***L.W. Bevat medikamente en moet dus nie aan perde gevoer word nie.***

VOERMOL